

Donderdag 15 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 7:8-16

Fokusgedeelte: Hosea 7:11-13

Die Here gee sy kinders nooit prys nie (2)

Ontrou maak beide partye in 'n verhouding seer – ook die party wat ontrou is. In Hosea 7:11-13 gebruik die Here die beeld van 'n duif om hierdie waarheid oor te dra.

Israel (ook Efraim genoem) word hier met 'n dom duif vergelyk. 'n Duif kan redelik maklik gevang word deur dit met kos in 'n hok in te lok. Israel het nie in toegewydheid net in afhanklikheid van die Here geleef nie. Sy het toegelaat om verlei te word deur die mag en krag van die nasies om haar (Egipte en Assirië).

So is Israel in die magspoliteik van die dag opgeslurp. Sy het verward soos 'n gevange duif in 'n hok rondgefladder en nie geweet of sy beskerming by Egipte of Assirië moet soek nie. Hierdie rondgefladder sou uiteindelik die einde van Israel (die Noordryk) beteken.

Weet dat as jy nie doelbewus in getrouheid aan die Here leef nie, Satan jou ook maklik kan vang. Hy loop rond soos 'n brullende leeu (1 Pet. 5:8). Hy gaan jou uitlok en verlei met kos in 'n hok, en dan vang hy jou. Uiteindelik gaan jy deur jou ontrouheid aan die Here baie seerkry.

Genadiglik kon Satan nie vir Jesus verlei nie. Jesus was getrou. Sy getrouheid word nou deur die Vader as ons getrouheid gereken – die Here gee sy kinders nooit prys nie. Hierdie besef roep ons op om opnuut te streef na getrouheid aan die Here en Hom daar-deur te verheug – en so self die ware vreugde te vind.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)